



## VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

### NUUSBRIEF

Januarie 2017

#### 1. Algemeen

1.1 **Voetslaanklub webwerf:** [www.stb-voetslaan.co.za](http://www.stb-voetslaan.co.za)  
**'Facebook':** <https://www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub>

#### 1.2 Bestuur 2016/2017

|                 |                      |              |              |                           |
|-----------------|----------------------|--------------|--------------|---------------------------|
| Voorsitter      | Kosie Smit           | 021 887 2093 | 073 537 8809 | jhs@sun.ac.za             |
| Ondervoorsitter | Werner Mödinger      | 021 886 5694 | 076 416 7165 | modinger@telkomsa.net     |
| Sekretaresse    | Annerè van Pletsen   | 021 888 9276 | 072 245 1417 | annere@cpcqualicare.co.za |
| Tesourier       | Klaus von Pressentin | 021 887 2783 | 082 689 8102 | klausvp@telkomsa.net      |
| Addisionele lid | Helene de Wet        |              | 073 196 0043 | helene.dewet@gmail.com    |
| Webwerf         | Cynthia Slattery     | 021 882 9442 | 072 246 1902 | slathome@sun.ac.za        |

#### 1.3 **Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap**

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laaste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel. **(verskaf ásb.'n telefoonnommer indien jy 'n e-pos stuur, dankie)**

#### 1.4 **Betalings**

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Nedbank Spaarrekening, Takkode 107110, Rekeningnommer 2005402354) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan die tesourier met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

#### 1.5 **Ledegeld**

Ledegeld vir 2016 is **R130.00** per persoon vir die jaar.

#### 1.6 **Saamryfooi**

Die saamryfooi is **R1.00 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

#### 1.7 **Nuwe lede**

Ons verwelkom **Herby Greeff (George), Annelie du Toit (Tulbagh) & Riana Wagener (Somerset-Wes)** wat by die klub aangesluit het. Mag jul die natuur saam met ons geniet & ook wonderlike vriendskappe smee.

**[Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met klub stap (bloot om hulself te vergewis met die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) Daarná kan hul aansoek doen om aan te sluit]**

#### 1.8 **Die volgende Bestuursvergadering**

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

### 1.9 **Noodnommers (Bergredding) / Nuttige Kontaknommers:**

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
- Metro Ambulance: 10177
- Cape Nature: 021 483 0190 / 0861 2273 628873 (Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer)
- Nasionale sellulêre noodnommer: 112
- **Nuwe 24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.) 0861 555 777**

## 2. **Inligting ten opsigte van al die daguitstappies**

Vertrekpunt By die parkeerarea voor die JS Maraisgebou, Victoriastraat, Stellenbosch; regoor die Konservatorium.

Aanmeldtyd **NB:** Sien program asseblief.

Klere Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

Noodhulp Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors ens.)** Die telefoonnommer van 'n naasbestaende (wat nie die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

Kos ens Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

Donasie Besoekers: **R30.00**

Vervoer Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

### **Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe**

|   |                       |   |  |
|---|-----------------------|---|--|
| 1 | Maklike stap          | A | Geen blootstelling aan hoogtes   |
| 2 | Matig maar vermoeiend | B | Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie                   |
| 3 | Veeleisende oefening  | C | Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie |
| 4 | Net vir die fiksies   | D | Baie blootgestel aan hoogtes   |

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D

**Permitstappe** Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit **noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel** om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

**Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.**

### 2.1 **Gedragkode vir stappers**

#### **Dag-, naweek- en langer stappe**

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**

- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heertyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

## 2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

### 3. **Belangrike kennisgewing i.v.m. 'Wildcard'**

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n 'Wildcard' beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: [www.sanparks.org/wild/](http://www.sanparks.org/wild/)
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul 'Wildcard' geldig is VOORDAT hulle vir 'n stap bespreek waarvoor 'Wildcard'-nommers benodig word. Indien 'n persoon se 'Wildcard' nie opbetaal is nie, het die stapleier nie 'n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

### 4. **Jaarvergadering: Saterdag 27 Februarie 2016**

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

### 5. **Naweek- en langer stappe **KLUBLEDE KRY VOORKEUR****

#### 5.1 **18 – 21 Maart 2017. Boesmanskloof (McGregor na Greyton)**

**Navrae en besprekings by Helene de Wet: 073 196 0043 / [helene.dewet@gmail.com](mailto:helene.dewet@gmail.com)**

|                            |   |
|----------------------------|---|
| Getal                      | 12 persone  |
| Stapkoste                  | <b>Sal ongelukkig op 'n latere geleentheid bekend gemaak word</b> |
| Ryafstand                  | 160 km x 2  |
| Bydrae tot brandstof koste | R320  |
| Oornagkoste                | Oorslape word beplan vir 18 -, 19 - en 20 Maart                   |

|              |  |
|--------------|--|
| Stapafstande | Boesmanskloof: 2 x 14 km = 28 km (tussen McGregor & Greyton) oor 2 dae<br>Dagstap in Greyton |
| Gradering    | 2C (Redelike fiksheid is nodig vir Boesmanskloof)  |

**Beskrywing:** 'n Rugsakstap. Ons stap van 'Die Galg' (McGregor), waar ons eerste nag oornag, na Greyton waar ons 2 aande gaan oorslaap, sodat mens een dag sommer in Greyton kan rondrentel, uitrus of dalk nog 'n ent gaan stap in daardie mooi omgewing. Die vlg. dag keer ons weer op ons staproete terug na McGregor.

**Besprekings open: 1 Februarie en sluit op 14 Februarie. Betaling moet voor of op 15 Februarie gedoen word.**

## 5.2 2 - 10 April (in skoolvakansie) Addo-Olifant- en/óf Chokka Roete(s) Oos-Kaap

### Alexandria staproete: Addo Olifant Nasionale Park (naby Port Elizabeth).

Ons vertrek 2 of 3 April vanaf Stellenbosch (aangesien dit ongeveer 12 uur neem na Port Elizabeth mag stappers dalk verkies om reeds die vorige dag te vertrek).

**3 April:** Ons slaap oor in die Woody Cape Gaste huis in die Addo park (slaapkamers met stapelbeddens, eie beddegoed moet voorsien word; basiese kook en eetgerei, elektrisiteit, yskas, stort en toilet)

**4 April:** Stap 18 km roete met rugsakke (oornag in Alexandria Woody Cape hut: neem slaapsak en gasstofie saam: geen elektrisiteit; water slegs vir kook en drink – onthou dus die "wet wipes").

**5 April:** Stap 13 km terug na die begin punt en oornag weer in die Woody Cape Gastehuis.

**Koste: R485-00 pp (plus daaglikse bewaringsfooie van R62-00 of Wildcard)**

### Chokka Trail Cape St Francis (naby Port Elizabeth)

**(Slack packing: met alle etes en besoeke ingesluit: betaal slegs vir eie drankies).** Vir meer inligting sien [chokkatrail.co.za](http://chokkatrail.co.za)

**Die Chokka roete is as die beste Slack pack see roete vir 2015 aangewys.**

**6 April:** Klok in teen 11:00. Word vervoer na Oesterbaai Beach Lodge. Kry middagete pakkies en begin stap na Thysbaai (stappers kan self besluit hoe ver hulle wil stap aangesien dit 'n heen-en-weer stap is).

**7 April:** Na ontbyt by die Lodge, word stappers voorsien van middagete pakkies en stap 16 km na Dune Ridge Country House. Hier kan stappers ontspan langs die swembad met 'n drankie voor aandete.

**8 April:** Stap 15 km na Cape St Francis Resort – deur inheemse kuswoude en langs die kus. Sluit ook n besoek aan SANCCOB Afrika pikkewyn rehabilitasie sentrum in. Aandete en ontbyt in die Joe Fish restaurant.

**9 April:** Stap met die Two Harbour's walk na Granny's pool. Klim dan op 'n boot vir 'n rit op die Cape St Francis kanale. Eet 'n afskeidsmiddagete by Quayside voordat die pad huis toe aangedurf word – ons kan dalk by Plettenbergbaai oorslaap en dan op 10 April terugkeer na Stellenbosch.

**Koste: R3 260-00 pp plus vervoer tarief.**

**Beide stappe reeds vol bespreek volgens vroeër kennisgewing, maar indien jy jou naam op die waglys wil plaas: Kontak Linda du Toit: 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by: [lindadt@mweb.co.za](mailto:lindadt@mweb.co.za).**

## 5.3 14 – 17 April 2017 (Paasnaweek) Sederberge: Wupperthal–Skerpioenspoort-Boontjieskloof-Wupperthal

**Stapleier: Jaap van Wyk**

**Besprekings: Annerè van Pletsen: 021 8889 276 (saans) 072 245 1417 óf by [annere@cpcqualicare.co.za](mailto:annere@cpcqualicare.co.za)**

|                      |  |
|----------------------|--|
| Aantal               | 12 persone   |
| Stap- en oornagkoste | Permitte R120 p/p per nag ( x 3 ) - Wildcards geld ongelukkig nie hiervoor nie |

|                           |   |
|---------------------------|---|
|                           | 'n Verdere R60 eenmalige bewaringsfooi p/p (geldige Wildcard-houers = Gratis)<br>Ons kamp Donderdag aand in Wupperthal (moontlike kostes hiervoor sal later bekend gemaak word) |
| Ryafstand                 | ± 294 km x 2 = 588 km   |
| Bydrae tot brandstofkoste | ± R588 (sien ook punt 1.6 op bl. 1 van die program )  |
| Gradering                 | 3B  |

Dit is 'n rugsakstap en 'n bietjie aan die 'stywe kant' as jy kyk na die die meters te klim die eerste twee dae. Daar is egter genoeg daglig vir stadiger klim! Ons stap die sirkelroete soos uiteengesit ('n kaart sal aan belangstellendes voorsien word). Dit gaan letterlik 'in die veld slaap'-naweek wees. Die Boontjieskloofhut is ook niks meer as net 'n skuiling nie. Hierdie stap is vir fikse mense. **Let wel: Water mag dalk 'n probleem wees, afhangende van die seisoen wat voorlê?**

| Reëlings:                                     |                                  | Ry            | Stap  | Ry:                      | Stap |
|---|----------------------------------|---------------|---|--------------------------|------|
| 13/4 - Donderdag:<br>12H00 (+ 4½ uur) = 16H30 | Stellenbosch na Wuppertal        | 294 km        |   |                          |      |
| 14/4 - Vrydag                                 | Wuppertal na Slaapplek 1         |               | Klim 440 m; (± 6.9 km vir dag)                              |                          |      |
| 15/4 - Saterdag                               | Slaapplek 1 na Slaapplek 2       |               | Klim 361 m - 6.34 km; Sak 106 m - 3.94 km (± 10 km vir dag) |                          |      |
| 16/4 - Sondag                                 | Slaapplek 2 na Boontjieskloofhut |               | Klim 333 m - 2.79 km; Sak 406 m: (±4 km vir dag)            |                          |      |
| 17/4 - Maandag                                | Boontjieskloofhut na Wuppertal   |               | Sak 569 m; (± 13.1 km vir dag)                              |                          |      |
| 17/4 - Maandag                                | Wuppertal na Stellenbosch        | 294 km        |   | 12H00 (+ 4½ uur) = 16H30 |      |
|   | <b>Totaal</b>                    | <b>588 km</b> | <b>37 km</b>  |                          |      |

**Besprekings open op 1 Februarie en sluit op 1 Maart. Betaling moet voor of op 15 Maart gedoen word.**

#### 5.4 27 April tot 1 Mei 2017 Groot Winterhoek, Porterville

|                            |   |
|----------------------------|---|
| Aantal                     | 8 persone   |
| Stap en oornag koste       | Ongeveer R350-00 per persoon (die finale bedrag sal bepaal word deur die aantal stappers). Plus bewaringsfooi van R60-00 per persoon per dag of geldige Wildcard. |
| Ryafstand                  | 90 km x 2   |
| Bydrae tot brandstof koste | R180-00   |
| Stapafstande               | Dag 1: 13 km; Dag 2: 5 km; Dag 3: 10 km; Dag 4:16 km  |

Ons vertrek die Donderdag om 8:00 na Porterville. Nadat ons met die Dasklip-pas tot op die platorand gery het, los ons die voertuie by die Veepos-kantoor. Ons stap dan tot by De Tronk via die rivierroete. Ons oornag in die Klipspringer of Suikerbekkiehut. Die volgende oggend los ons die groot rugsakke by die hut en stap dan af tot in die Hel (bring 'n dag-rugsakkie saam). Hier ontspan ons vir die dag en die avontuurlikes kan verder in die rivier af verken. Die nag slaap ons weer in die hut. Fasiliteite by die hutte is basies en geen vure word toegelaat nie. Die volgende oggend volg ons die roete langs die Kleinkliphuis-rivier en slaan ons kamp onder die eikebome by Groot Kliphuis op. Sondag pak ons die laaste deel van die roete aan tot waar ons voertuie wag.

**Bespreek by Linda du Toit: 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by: [lindadt@mweb.co.za](mailto:lindadt@mweb.co.za)**  
**Besprekings open op 27 Februarie en sluit op 5 Maart. Betaling moet voor of op 10 Maart gedoen word.**

#### 5.5 16 – 18 Junie 2017 Leeuwenboschfontein, Touwsrivier

'n Winter wegbreeknaweek in die Karoo. Kom stap in die wintersonnejtie en braai en kuier in die aande onder die sterrehemel. Ons vertrek Vrydag oggend vanaf Stellenbosch. Saterdag stap ons 'n 4x4 roete; heuwels op en af. Sondagoggend stap ons weer voordat ons die middag terugkeer na Stellenbosch. Vir meer inligting: 'Google' Leeuwenboschfontein vir aanwysing, foto's van die akkommodasie en dies meer.

|  |   |
|--|---|
| Getal                                  | 12 persone  |
| Ryafstand                              | Ongeveer 250 km x 2   |
| Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R500-00   |
| Stapafstand                            | Hang af van die groep, maar ons kan 'n dag lank stap.   |
| Gradering                              | 2B  |
| Oornagkoste                            | Daar is plek vir 6 persone in die Willows kothuis (neem eie beddegoed en handdoeke): koste: ongeveer R140-00 per persoon per nag.<br>Daar is ook twee karavane in die kampplek (naby die Willows kothuis): een vir 2 persone en een vir 4 persone (neem eie beddegoed en handdoeke): koste: ongeveer R120-00 per persoon per nag. |

**Bespreek by Linda du Toit: 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by: [lindadt@mweb.co.za](mailto:lindadt@mweb.co.za)  
Besprekings open op 6 Februarie en sluit op 10 Februarie. Betaling moet vóór of op 20 Februarie gedoen word.**

#### 5.6 25 Junie – 1 Julie 2017. 'Khomas Hochland' Wandelpad, Namibië

**Bespreking is vir 12 persone gedoen en is reeds volbespreek soos per vroeër kennisgewing.**

**Reëlings: Klaus von Pressentin: 021 887 2783 / 082 689 8102 (saans) óf by [klausvp51@gmail.com](mailto:klausvp51@gmail.com)**

|                            |   |
|----------------------------|---|
| Aantal                     | 12 persone  |
| Ryafstand                  | Stellenbosch na Windhoek en terug:  |
| Bydrae tot brandstof koste | Sien punt 1.6 op bl. 1 van die program  |
| Koste                      | Deposito's is reeds deur al 12 lede betaal. <b>Res van bedrag teen begin Mei 2017: R2,176 p/persoon.</b> Die totale bedrag sal dus die kostes van vervoer van bagasie, akkommodasie en middag- en aandetes insluit.   |
| Stapafstande en gradering  | <u>Reis na Windhoek: 24/25 Junie '17</u><br><br>Die lang afstande vereis 'n sekere vlak van fiksheid, maar die 'slackpacking'-opsie behoort te help dat dit nie te veeleisend is nie.<br><br><u>Dag 1:</u> 15 km Begin op Düsternbrook Gastepaas en volg die Otjiseva-rivier op Otjiseva-plaas, dan berg op tot by oornagplek Gustav Posten<br><br><u>Dag 2:</u> 8 km Volg rivierbedding en teen Klippekou Klim opdraende tot by Bobbejaankop<br><br><u>Dag 3:</u> 21 km Op en af oor bulte en valleie, deur Lovebird Gorge en tot by oornagkamp onderkant Sundowner Hill.<br><br><u>Dag 4:</u> 16 km In Otjompauë vallei tot by Onduno-plaas en weer by dag 2 se kampplek<br><br><u>Dag 5:</u> 15 km Bereik hoogte van 2000 m bo seevlak en sien Windhoek in verte. Met lere af teen 'n waterval en eindig by lieflike boomhuis.<br><br><u>Dag 6:</u> 14 km Stap van Monte Christo deur Otjiseva terug tot by Düsternbrook<br><br><u>Terugreis na RSA: 2 Julie '17</u> |

6. Dagstappe

**6.1 Saterdag 14 Januarie 2017. Bettysbaai na Pringlebaai**

Bespreek by Linda du Toit: 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by: [lindadt@mweb.co.za](mailto:lindadt@mweb.co.za)

|             |           |  |               |
|-------------|-----------|--|---------------|
| Ryafstand   | 75 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R150-00       |
| Stapafstand | ± 15 km   | Toegangsgeld                           | Geen          |
| Gradering   | 2A        | Stapleier                              | Linda du Toit |
| Aanmeldtyd  | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15         |

Ons stap rustig kuslangs van Bettysbaai tot by Pringlebaai. Ons stap die heelpad seelangs & daar is 'n paar lékker swemplekke – **bring dus swemklere! Sonskerm, sonbril & hoed is noodsaaklik.**

**6.2 Saterdag 21 Januarie 2017. Kleinmond-hawe na Fisherhaven**

Bespreek by Hans Knoetze: 028 316 3906, 082 554 1254 óf [hk1@remgro.com](mailto:hk1@remgro.com)

**NB: Let asb. op die vroeër vertrektyd.**

|             |         |  |              |
|-------------|---------|--|--------------|
| Ryafstand   | 85 km   | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R170-00      |
| Stapafstand | ± 15 km | Toegangsgeld                           | Geen         |
| Gradering   | 2A      | Stapleier                              | Hans Knoetze |
| Aanmeldtyd  | 06:30   | Vertrektyd                             | 06:45        |

Vanaf Kleinmond-hawe stap ons met die rotspad tot by die strand en dan sand-langs tot by Meerensee. Met 'n bietjie geluk sal ons langs hierdie roete die wilde perde raakloop. By Meerensee gaan ons oor die bruggetjie en bly dan onder die hoogwatermerk (omdat dit private grond is) tot by Fisherhaven. Op een plek moet skoene uitgetrek word om die meer te kruis. **Sonskerm, sonbril & hoed is noodsaaklik.**

**6.3 Saterdag 28 Januarie 2017. 'Rock Hopper' Bainskloof, Wellington**

**Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone**

Bespreek **vóór 16 Januarie** by Linda du Toit: by 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by:

[lindadt@mweb.co.za](mailto:lindadt@mweb.co.za)

|             |           |  |                            |
|-------------|-----------|--|----------------------------|
| Ryafstand   | 60 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R120-00                    |
| Stapafstand | 7.5 km    | Toegangsgeld                           | <b>R40-00</b> óf Wild Card |
| Gradering   | 3B        | Stapleier                              | Linda du Toit              |
| Aanmeldtyd  | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15                      |

Die roete strek vanaf "Corner Lodge" by Eerste Tol tot die Tweede Tol. Die roete langs die Witterivier varieer tussen stap, "boulder hopping" en swem of waad deur die rivierpoele. Hoë geelhoutbome kom tussen die plante langs die rivier voor. Alhoewel die afstand kort is, neem dit ongeveer 6 uur om te voltooi. **Pak asb. swemklere in!**

**6.4 Saterdag 4 Februarie 2017. Wolwekloof, Franschhoek**

**Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone**

|   |           |  |                |
|---|-----------|--|----------------|
| <b>Bespreek asb. <u>vóór 2 Feb</u> by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 óf by: <a href="mailto:huggett@netactive.co.za">huggett@netactive.co.za</a></b> |           |  |                |
| Ryafstand   | 30 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R60.00         |
| Stapafstand   | 9 km      | Koste                                  | <b>R10.00</b>  |
| Gradering   | ± 2B      | Stapleier                              | Willie Huggett |
| Aanmeldtyd  | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15          |

Hierdie is 'n rustige stap oor die rotse, verby verskeie poele in die rivier en dan op tot by 'n pragtige waterval. 'n Luilekker swemstap, **maar nié vir persone wat nie regkom met 'boulder hopping' nie.** "n Stapstok is baie nuttig vir hierdie stap. **BRING ASB. SWEMKLERE SAAM!**

|  |           |  |                                   |
|--|-----------|--|-----------------------------------|
| <b>6.5 Saterdag 11 Februarie 2017. Palmietrivier, (Kogelberg) Kleinmond</b>  |           |  |                                   |
| <b>Bespreek by Cynthia Slattery: 021 882 9442 / 072 246 1902 óf by: <a href="mailto:slathome@sun.ac.za">slathome@sun.ac.za</a></b> |           |  |                                   |
| Ryafstand  | 65 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R130.00                           |
| Stapafstand  | ± 10 km   | Toegangsgeld                           | <b>R40.00</b> óf geldige Wildcard |
| Gradering  | 2B        | Stapleier                              | Cynthia Slattery                  |
| Aanmeldtyd   | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15                             |

Ons stap van die kantoor by Oudebosch af, al langs die Palmietrivier, tot waar die Palmietrivier by die Louws- en Dwarsriviere aansluit. Ons keer dan terug langs dieselfde roete. Hierdie is 'n rustige stap. **HELDERBLOU POELE NOODSAK DIE SAAMBRING VAN SWEMKLERE!**

|  |           |  |                      |
|--|-----------|--|----------------------|
| <b>6.6 Saterdag 18 Februarie 2017. Alternatiewe Disa-kyk Uitstappie: Myburghs Ravine op &amp; Llundudno Ravine af (Houtbaai) <u>Let asb. op die vroeër vertrektyd.</u></b> |           |  |                      |
| <b>Bespreek by Louise van der Merwe: 021 880 1875 óf 082 492 4293 (na-ure)</b>   |           |  |                      |
| Ryafstand  | 65 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R130-00              |
| Stapafstand  | 12 km     | Toegangsgeld                           | Geen                 |
| Gradering  | 3C        | Stapleier                              | Louise van der Merwe |
| Aanmeldtyd   | 06:45     | Vertrektyd                             | 07:00                |

Van die Suikerbossie restaurant af stap ons na Myburgh-kloof (hoop om pragtige disas te sien) en met die kloof op na Judaspiek. Hiervandaan gaan ons in die Llundudno-kloof af en oor Houtbaai-hoek terug na die motors. **Op een plek is dit redelik steil af en is daar ysterringe waaraan 'n mens kan vashou.**  
**Maak asb. seker dat jy genoeg drinkwater saamdra!**

|   |
|---|
| <b>6.7 Saterdag 25 Februarie 2017: Algemene Jaarvergadering</b> |
|---|

|   |           |  |               |
|---|-----------|--|---------------|
| <b>6.8 Saterdag 4 Maart 2017. Oudeschip, Sandy Bay</b>  |           |  |               |
| <b>Bespreek by Linda du Toit by 072 107 0213 (na 18:00) óf per 'WhatsApp' / sms óf by: <a href="mailto:lindadt@mweb.co.za">lindadt@mweb.co.za</a></b> |           |  |               |
| Ryafstand   | 65 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R130 -00      |
| Stapafstand   | ± 11 km   | Toegangsgeld                           | Geen          |
| Gradering   | 2A        | Stapleier                              | Linda du Toit |
| Aanmeldtyd  | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15         |

Ons stap van die mooie Llandudno af in die rigting van Sandy Bay. Ons swaai dan weg en stap teen die hang van



Karbonkelberg uit totdat ons die kontoerpad bereik. Hier begroet 'n pragtige uitsig oor die blou-blou water van die Atlantiese Oseaan ons. Ons daal teen die berghang af, verby die voorraadhuisie wat na die stranding van die S S Maori in 1909 opgerig is. Ons gaan maak eers 'n draai by Leeugat, voordat ons versit na die klein skiereilandjie, Oudeschip, wat een van die mees westelike punte op die Kaapse Skiereiland is. Hier vertoef ons vir middagete en verkyk ons aan die pragtige uitsig oor die berge van Leeukop af, Tafelberg, Apostels, Klein Leeukoppie tot by Karbonkelberg aan die eenkant en die see wat woel en maal om ons aan die anderkant. Ons stap dan kuslangs, verby interessante uitgeholde klippe waarvan sommige selfs as 'n huis kan dien, oor Sandy Bay terug na ons motors. **Diegene wat wil swem, onthou (óf vergeet?) die swemklere ...**

#### 6.9 Saterdag 11 Maart 2017. Groot Hangklip (Pringlebaai)

Bespreek by Werner Mödinger: 021 886 5694 / 076 416 7165 óf by: [modinger@telkomsa.net](mailto:modinger@telkomsa.net)

|             |              |  |   |
|-------------|--------------|--|---|
| Ryafstand   | 65 km x 2    | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R130.00   |
| Stapafstand | ± 9 km       | Toegangsgeld                           | Geen  |
| Gradering   | 3B           | Stapleier                              | Werner Mödinger   |
| Aanmeldtyd  | <b>07:15</b> | Vertrektyd                             | <b>07:30; of 8:45</b> in Pringlebaai by beginpunt van Hangkliproete |

#### **LW: Onthou asb. om flitse of koplampe saam te bring vir die grotte.**

Hierdie is 'n redelike rustige stap - die stap begin by Pringlebaai en volg die vallei op. Na omtrent 2 km draai ons na regs en dan word dit steiler. Omtrent halfpad op draai ons af na die vlermuisgrotte en die Feetjiewoud. Na 'n lekker rus onder die Melkhoutbome klim ons Hangklip op en geniet die uitsig oor die see tot by Kaappunt en Hermanus. Stappers behoort so tussen ± 15:00 – 16:00 terug te wees by motors in Pringlebaai.

#### 6.10 18 – 21 Maart 2017. Boesmanskloof. Sien ook 5.1

#### 6.11 Saterdag 25 Maart 2017. Panorama-roete, Jonkershoek

Bespreek vóór Vrydagaand by Klaus von Pressentin: 021 887 2783 / 082 689 8102 (saans) óf [klausvp51@gmail.com](mailto:klausvp51@gmail.com) **Let asb. op die vroeër vertrektyd.**

|             |           |  |                           |
|-------------|-----------|--|---------------------------|
| Ryafstand   | 17 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R25-00                    |
| Stapafstand | ± 23 km   | Toegangsgeld                           | <b>R40-00</b> óf Wildcard |
| Gradering   | 4B        | Stapleier                              | Klaus von Pressentin      |
| Aanmeldtyd  | 06:45     | Vertrektyd                             | 07:00                     |

Ons stap uit teen Swartboskloof tot by Pic Sans Nom vanwaar ons 'n pragtige uitsig oor die Hottentots-Holland-kom het. Hiervandaan stap ons verby Guardian Peak en die Drieling-Pieke tot by Bergrivier-nek met sy pragtige uitsig op die Jonkershoekvallei en Assegaiboskloof. Ons stap af na Witbrug en vandaar na ons motors. **cierdie stap is nét vir die 'bergfikses'.**

#### 6.12 2 – 10 April 2017 (In skoolvakansie) Addo-Olifant- en/óf Chokka Roete(s), Oos-Kaap. Sien ook 5.2

#### 6.13 14 – 17 April 2017 (Paasnaweek) Wupperthal–Skerpioenspoort-Boontjieskloof-Wupperthal. Sien ook 5.3

#### 6.14 Saterdag 22 April 2017. 'Catspad', Franschoek

Bespreek by Willie Huggett: 021 876 2490, 083 453 9191 óf [huggett@netactive.co.za](mailto:huggett@netactive.co.za)

|             |           |  |                        |
|-------------|-----------|--|------------------------|
| Ryafstand   | 35 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R70.00                 |
| Stapafstand | ± 9 km    | Toegangsgeld (Permit)                  | <b>R40.00 (Permit)</b> |

|            |       |            |                |
|------------|-------|------------|----------------|
| Gradering  | 2A    | Stapleier  | Willie Huggett |
| Aanmeldtyd | 07:15 | Vertrektyd | 07:30          |

Ons parkeer bo-op Franschoekpas en stap tot op die nek by Catspad se baken. Van die nek af gaan die roete al langs die Du Toitsrivier tot by die Jan Joubertsgatbrug. Hierdie brug met 'n enkele boog van 5 meter hoog en 'n span van 5,5 meter is nie net een van die beste voorbeelde van gekapte klipwerk nie, maar is ook die oudste brug in Suid-Afrika. Verderaan, bokant die paduitgraving, sluit Catspad by die Hollowaypad aan. Vorentoe kruis die roete weer die teerpad en sak af tot by die rivier waar ons by die bouval van die oorspronklike tolpad verbystap. Die roete eindig by die piekniekterrein (Purgatory). Proteas, heide, tolbos en verskeie ander blomme, selfs orgideespesies is op hierdie fynbosroete te sien. Daar is ook 'n verskeidenheid van voëls en die moontlikheid om deur klipspringers en ribbokke verras te word.

**'n Bietjie Geskiedenis:** In Junie 1818 word 'n kontrak aan Samuel Johannes Cats toegeken om 'n pad oor die Franschoekberge te bou. Die werk is in Julie 1819 voltooi. Van Maart 1820 af was toltariewe van toepassing, maar die tolgeld was minder as die salaris van die opsigter, Cornelius de Waal. In 1822 het rampspoedige vloede die pad onbegaanbaar gemaak. In Februarie 1823 ontvang majoor Holloway die taak om die pas te herbou. Die bou van die nuwe pas het drie jaar geduur en het die bou van die Jan Joubertsgatbrug ingesluit.

#### 6.15 27 April – 1 Mei 2017 Groot Winterhoek, Porterville. Sien ook 5.4

#### 6.16 Saterdag 6 Mei 2017. Stellenboschberg

Bespreek by Klaus von Pressentin: 021 887 2783 / 082 689 8102 (saans) óf [klausvp51@gmail.com](mailto:klausvp51@gmail.com)

|             |          |  |                      |
|-------------|----------|--|----------------------|
| Ryafstand   | 2 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | Geen                 |
| Stapafstand | ± 12 km  | Toegangsgeld                           | Geen                 |
| Gradering   | 3B       | Stapleier                              | Klaus von Pressentin |
| Aanmeldtyd  | 07:30    | Vertrektyd                             | 07:45                |

Ons stap vanaf DF Malan Sentrum by Coetzenburg op na die kontoerpad wat ons in die rigting van Paradyskloof neem. Bokant die ou Skietbaan gaan ons teen 'n hang van Stellenboschberg uit terwyl die een panorama na die ander voor ons oë ontvou. Die hele tyd verlustig ons ons aan die fynbos en die uitbundige proteabosse. Op die nek agter Stellenboschberg kry ons 'n besondere uitsig op Jonkershoek en sy berge. Bo-op die kruin, terwyl ons ons verkyk aan ons mooie dorp wat knus onder in die vallei lê, vertoef ons vir middagete voordat ons die terugtog aanpak al op die rug af tot by Coetzenburg.

#### 6.17 Saterdag 13 Mei 2017. Sirkelvlei (Kaappunt Natuurresewaat)

Bespreek by Cynthia Slattery: 021 882 9442, 072 246 1902 óf by: [slathome@sun.ac.za](mailto:slathome@sun.ac.za)

|             |           |  |                            |
|-------------|-----------|--|----------------------------|
| Ryafstand   | 90 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R180.00                    |
| Stapafstand | ± 4 hours | Toegangsgeld                           | <b>R135.00</b> óf Wildcard |
| Gradering   | 1A        | Stapleier                              | Cynthia Slattery           |
| Aanmeldtyd  | 07:30     | Vertrektyd                             | 07:45                      |

'This route has beach and fynbos sections. We start our walk at Olifantsbosbaai in the reserve. We walk along the beach past two ship wrecks, and then climb gently to the escarpment, and walk across the flats to Sirkelvlei. We then walk back to the coast. There is no difficult terrain. There is time for photos and to explore the interesting things along the way'

#### 6.18 Saterdag 20 Mei 2017. Swartkop na Smitswinkelbaai, Simonstad

|  |           |  |                      |
|--|-----------|--|----------------------|
| <b>Besprek by Louise van der Merwe, tel: 021 880 1875 óf 082 492 4293 (na-ure)</b><br><b>Let asb. op die vroeër vertrektyd.</b>  |           |  |                      |
| Ryafstand  | 90 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R90-00               |
| Stapafstand  | 14 km     | Toegangsgeld                           | Geen                 |
| Gradering  | 3C        | Stapleier                              | Louise van der Merwe |
| Aanmeldtyd   | 06:30     | Vertrektyd                             | 06:45                |
| <p>Ons klim teen die hang van Swartkop, wat 678 meter hoog bo Simonstad uitroon, op tot bo-op die kruin. Van hier af het ons 'n lieflike uitsig oor land en see voordat ons deur pragtige fynbos al op die rif (met 'n paar opdraendes en afdraendes) langs loop. Ver onder ons skuif al die skilderagtige baaitjies soos Millers' Point en Parson's Nose by ons verby tot ons bokant Smitswinkelbaai kom en vandaar daal ons teen die steil skuinste af (redelike rots-afklim) na ons motors wat ons vooraf daar sal parkeer.</p> <p><b>Hierdie stap vereis redelike fiksheid. Daar is nie juis koelte langs die pad nie wat meebring dat stappers dus voortdurend moet bly beweeg.</b> Ongelukkig dus nie onbeperkte tyd is vir foto's neem nie. <b>Daar is nie water op die berg nie; maak dus asb. seker dat jy genoeg saamdra vir 'n warm dag wat 6-8 uur kan duur.</b></p> |           |  |                      |

|   |           |  |                                 |
|---|-----------|--|---------------------------------|
| <b>6.19 Saterdag 27 Mei 2017. Eikehof met 'n wynproe (Franschhoek)</b>  |           |  |                                 |
| <b>Besprek by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 óf by: <a href="mailto:huggett@netactive.co.za">huggett@netactive.co.za</a></b>   |           |  |                                 |
| Ryafstand   | 28 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R56.00                          |
| Stapafstand   | 13 km     | Toegangsgeld                           | <b>R30.00</b> (vir die wynproe) |
| Gradering   | 2B        | Stapleier                              | Willie Huggett                  |
| Aanmeldtyd  | 07:00     | Vertrektyd                             | 07:15                           |
| <p>Ons stap op die plaas Eikehof van die Malherbe-familie, in die rigting van die Wemmershoekdam. Die voetpad begin bokant perskeboorde en styg geleidelik terwyl die uitsigte oor Simonsberg en die Drakenstein-berge al mooier word. Na 'n hoogtetjie, daal ons 'n bietjie en dan stap ons 'n lang ent op 'n plato, terwyl 'n stroompie aan ons regterkant kassel, en daar gewoonlik 'n verskeidenheid blomme te sien is. Daar is dan 'n klim tot op die koppie en 'n pragtige uitsig oor die Wemmershoekdam en die berge in die rigting van Paarl. Die terugtog gaan met 'n lang draai aan die anderkant van die stroom en dan af met dieselfde paadjie tot by ons 'wynproe' (R30.00 pp) in 'n antieke lokaal op Eikehof. Stapyd ongeveer ± 6 uur.</p> |           |  |                                 |

|   |           |  |                                   |
|---|-----------|--|-----------------------------------|
| <b>6.20 Saterdag 3 Junie 2017. Sosyskloof, Jonkershoek</b>  |           |  |                                   |
| <b>Besprek by Mientie Holtzhausen: 021 887 1651 / 083 280 1651 óf by: <a href="mailto:holtzhau@sun.ac.za">holtzhau@sun.ac.za</a></b>  |           |  |                                   |
| Ryafstand   | 15 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R30.00                            |
| Stapafstand   | ± 9 km    | Toegangsgeld                           | <b>R40.00</b> óf geldige Wildcard |
| Gradering   | 2A        | Stapleier                              | Mientie oltzhausen                |
| Aanmeldtyd  | 08:00     | Vertrektyd                             | 08:15                             |
| <p>Meld aan by Jonkershoek Natuurreservaat se hek om 08:30. Ons stap van die hek af na Sosyskloof waterval deur kontoerpad te volg en keer langs 'n ander roete terug na die hek.. Stapyd 3 tot 4 uur (Dit is 'n maklike uitstappie en die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge).</p> |           |  |                                   |

|  |           |                                   |           |
|--|-----------|-----------------------------------|-----------|
| <b>6.21 Saterdag 10 Junie 2017. 'Three Firs' op &amp; Kasteelpoort af (Tafelberg)</b>  |           |                                   |           |
| <b>Besprek by Alet Louw: 021 461 1649 / 073 689 5752 óf by: <a href="mailto:alettamail@gmail.com">alettamail@gmail.com</a></b> |           |                                   |           |
| Ryafstand  | 60 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstof | R120      |
| Stapafstand  | 12 km     | Toegangsgeld                      | Geen      |
| Gradering  | 3C        | Stapleier                         | Alet Louw |
| Aanmeldtyd   | 07:00     | Vertrektyd                        | 07:15     |

Ons stap om 08:00 vanaf die hek by Theresalaan ('n skets wat aandui hoe om van Kloofnek na Theresalaan te ry, sal voorsien word) en volg dan die pypleiding tot by 'Three Firs' se baken, kort voor Slangolie se ravyn. Ons klim op met hierdie skilderagtige roete tot by die bedelhondjie, 'Saucy Dog'. Daarna langs die ou treinspoor na die Kettingpad. Hierna met 'Kitchen Ravine' na 'Valley of Isolation en 'Valley of the Red Gods' voor ons met Kasteelspoort afstap na die voertuie wat ons teen 15h00 behoort te bereik.

**6.22 16 – 18 Junie. Leeuwenboschfontein, Touwsrivier Sien ook 5.5**

**6.23 25 Junie – 1 Julie 2017. 'Khomas Hochland' Staproete, Namibië. Sien ook 5.6**

**6.24 Saterdag 1 Julie 2017. Paarlberg - Paarl**

**Bespreek vóór Vrydagaand by Willie Huggett: 021 876 2490, 083 453 9191 óf [huggett@netactive.co.za](mailto:huggett@netactive.co.za)**

|             |           |  |                |
|-------------|-----------|--|----------------|
| Ryafstand   | 32 km x 2 | Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste | R64.00         |
| Stapafstand | ± 15 km   | Toegangsgeld                           | Geen           |
| Gradering   | 2B        | Stapleier                              | Willie Huggett |
| Aanmeldtyd  | 07:30     | Vertrektyd                             | 07:45          |

Ons stap 'n gemaklike sirkelroete op Paarlberg. Die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge.

**VEILIGE & VREUGDEVOLLE stappe aan elkeen...**

Groete

Annerè (namens 'Die Bestuur')

.....